12.4 RAPPORT 3 – DEPUTATE VIR APPÈL – APPÈL HLJ MOMBERG TEEN 'N BESLUIT VAN STREEKSINODE PRETORIA (Artt 227, 228)

A. Die Sinode gaan in camera.
B. Dr RM van der Merwe lewer die Rapport.
C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. Die waarnemende voorsitter, ds HJP de Beer, maak die besluite aan die partye bekend.

E. RAPPORT

Opdrag

Vgl Acta GKSA 2012: 27, art. 11.3, punte 2 en 5.

Sake waarvan die Sinode kennis neem

1. Ontvanklikheid: Formeel

1.1 Kennisgewing van Appèl is binne ses weke aan beide die Streeksinode Pretoria asook die Algemene Sinode gegee.
1.2 Die besluit waarteen geappelleer word is uit die aangehegte offisiële redaksie korrek aangehaal.
1.3 Die Appèl toon duidelike gronde vir Appèl aan.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Ontvanklikheid: Inhoudelik

2.1 Die saak het formeel kragtens KO, art 46 nie reeds by die vergadering gedien nie.
2.2 Daar is duidelike gronde in terme van KO, art 31 in die Appèl aangedui.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Kort historiese oorsig en samevatting van die inhoud en verloop van die saak

3.1 Die formele hantering van die hele saak duur sedert Februarie/Maart 2010.
3.2 Die Appellant het voor die Kerkraad en gemeente belydenis van sekere sondes gedoen.
3.3 Die Kerkraad het daarna op grond van 'n KO, artt 79 en 80 – klag die Appellant voorlopig geskors en 'n Classis Contracta opgeroep.
3.4 Die Classis Contracta het op 11 April 2011 vergader en besluit om die Appellant te skors en die saak vir behandeling na die Klassis deur te gee.
3.5 Op 'n buitengewone Klassis van 10 Mei 2011 sou die KO, artt 79 en 80 saak verder behandel word. 'n Appèl van die Appellant word egter op die Klassis gehandhaaf en die saak is terug na die Kerkraad.
3.6 Op 'n volgende Classis Contracta van 2 Februarie 2012 kon die twee naburige Kerkrade en die Kerkraad nie tot 'n gelykluidende besluit kom nie en word 'n Spesiale Klassis opgeroep om die hele saak *de novo* in behandeling te neem.
3.7 Tydens die Spesiale Klassis op 13 tot 27 Maart 2012 is die saak in behandeling geneem en is besluit om die Appellant uit die amp van bedienaar van die Goddelike Woord te skors.
3.8 'n Buitengewone Streeksinode Pretoria is op 29 Mei 2012 opgeroep om die saak te hanteer nadat 'n Appél van die Appellant behandel is. Die Appél het nie geslaag nie en die Appellant is gevolglik kragtens KO, artt 79 en 80 gedurende 'n Klassis op 05 tot 10 Junie 2012 heeltemal uit die amp afgesit.
3.9 Die Appellant gee kennis van Appél na die Algemene Sinode 2015. Die Appellant beweer regskrenking op drie gronde (opgesom uit die essensie soos die Appellant dit samevattend in die Appèlskrif stel):
3.9.1 Dat die "reëls van natuurlike geregtigheid" op voorskrif van die Woord van God nie deur die Streeksinode Pretoria in die volgende gevalle nagekom is nie:

3.9.1.1 Klagtes teen ‘n aangeklaagde moes duidelik gestel en bewys word (vgl Appèlgrond 1 en Appèlgronde 3-8 voor die Streeksinode), waar die bewysstukke ter stawing bloot deur die Streeksinode as agtergrond onbeoordeel gelaat is.

3.9.1.2 Die reg van wederhoor moes gehandhaaf word (vgl Appèlgrond 2), waar die Streeksinode dit nie nagekom het nie deur dit wat aangebied is, bloot as agtergrond onbeoordeel gelaat is.

3.9.1.3 Daar mag geen bevooroordeling wees nie (vgl Appèlgrond 1, 3 en Appèlgronde 1, 2 en 9 voor die Streeksinode), waar die Streeksinode die aangebode data bloot as agtergrond onbeoordeel gelaat en daarmee die afsetting gemandateer het, ondanks die feit dat ‘n beroep na die Algemene Sinode die saak *sub judice* maak.

3.9.2 Die Streeksinode het by die beoordeling van Appèlgronde nie rekenskap gegee van bewysvoering deur nie te oordeel watter bewysvoering onwaar is en/of die bewysvoering geldig is al dan nie. Die Streeksinode het bloot met ongesubstansieerde teenargumente of bevindings volstaan. Die Streeksinode moes deursigtige substansiëring en beredenering aangebied en bewys het.

3.9.3 Hierdie regkrenking het die gevolg gehad dat die Appellant strydig met KO, art 31 afgesit is uit die amp, onderwyl die skorsing nog *sub judice* is hangende die uitspraak van die Algemene Sinode. Sou dit geldige regspleging wees indien geargumenteer word dat die afsetting voltrek kan word aangesien daar altyd weer reg tot Appèl is?

Besluit: Punte 3.1 tot 3.9.3 kennis geneem.

4. Prosedure

4.1 Br HJL Momberg het op 19 Maart 2014 geleentheid gehad om die Appèl te stel.

4.2 Die Toeligters van die Streeksinode, dr GJ Meijer en ds HPM van Rhyn, het op dieselfde vergadering geleentheid gehad om die besluit van die Streeksinode Pretoria te verduidelik en te motiveer.

4.3 Getuienis van sowel die Appellant en die Toeligters is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor.

4.4 Die getuienis, soos in die dokumentasie vervat, is deur die Deputate ondersoek (vgl Appèlskrif met Bylae 1 tot 4; Appèlskrif wat voor die Streeksinode Pretoria gedien het en skriftelike repliek van die Appellant en Toeligters).

4.5 As deel van die ondersoek na die saak is beide die Appellant en Toeligters deur die Deputate ondervra.

4.6 Voorlopige bevindings en aanbevelings is op 13 Augustus aan die Appellant en Toeligters deurgegee met ‘n uitnodiging om voor die Deputate repliek te lewer.

4.7 Die Deputate het skriftelike repliek van beide die Appellant en Toeligters op die voorlopige bevindings en aanbevelings van die Rapport ontvang en deurgewerk.

4.8 ‘n Finale Rapport is opgestel en word na die konstituering van die Algemene Sinode beskikbaar gestel.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.8 kennis geneem.

5. Verantwoording en verduideliking van tersaaklike regsbeginsels

5.1 *Appèlgrond 1*

<u>Die Appellant beweer</u>

dat bewysstukke wat as toeligting tot sy Appèl ingehandig is, nie deur die Streeksinode getoets en beoordeel is nie, maar bloot as agtergrond beskou is. Hoewel hy hom in sy Appèl op die bewysstukke beroep het, het die Streeksinode bevind dat hy sy Appèlgronde nie bewys het nie. Sy reg is gekrenk deurdat die bewysstukke as toeligting tot die begronding van sy Appèl nie getoets is nie.

5.1.1 Die Appellant beredeneer

dat hy die bedoeling en status, wat hy aan die dokumentasie toegeken het, aan die Streeksinode verduidelik het en dat hy vir makliker toegang die dokumentasie op die Streeksinode van ‘n indeks voorsien het (vgl 2.1.1 van Appèl). Vanuit die nege Appèlgronde wat op die Streeksinode Pretoria 29 Mei 2012 gedien het, beredeneer die Appellant agtereenvolgens die beweerde regskrenking wat deur die besluit(e) teweegebring is (vgl 2.1.2 tot 2.1.10 van Appèl):

Kerkregtelike oorwegings van die Appèldeputate

a. Vlakke van afhandeling – KO, art 46

In die behandeling en afhandeling van sake kragtens KO, artt 79 en 80 is daar normaalweg vlakke van afhandeling by die onderskeie kerklike vergaderings. Die Kerkraad kan byvoorbeeld ‘n KO, artt 79 en 80 – saak slegs tot op ‘n sekere vlak afhandel (klag; prima facie; ondersoek, ens). Dan moet die Classis Contracta sekere sake afhandel (skorsing, ens), maar kan byvoorbeeld nie behandel wat op die Kerkraad afgehandel is nie. Daarna vergader die Klassis met Deputate van die Streeksinode (oor afsetting al dan nie), maar hulle kan nie weer die Kerkraad se ondersoek oordoen of die Classis Contracta se werk oordoen nie.

Deur beroep by meerdere vergaderings oor sake wat veral in die Kerkraad se ondersoek tuishoort, kom materie wat onderskeidelik by die Kerkraad, Classis Contracta en Klassis afgehandel moes word, telkens opnuut na vore. Hoewel Appèl soms hierdie materie na ‘n meerdere vergadering se tafel bring, word die materie in hierdie Appèlskrif só vervleg met Appèlgronde, dat dit duidelike onderskeiding (kragtens KO, art 46) baie ingewikkeld maak. Daar is in ‘n sekere sin reeds (soms tot twee keer) aan feitlik dieselfde sake aandag gegee (by die Klassis en by die Streeksinode).

b. Die Appellant of die Streeksinode se verantwoordelikheid?

Die kernvraag by hierdie Appèlgrond is:

Is die blote geïndekseerde indiening van dokumentasie (as bewysstukke) sonder meer stawing van Appèlgronde of moet alle dokumentasie (as bewysstukke) steeds deeglike verwys, beredeneer en begrond word?

Mag van enige meerdere vergadering verwag word om bewysstukke sonder meer te toets en te beoordeel indien die Appellant dit uit die bewysstukke nie stawend (mondelings of skriftelik) aandui nie?

In watter mate is dit die regsprekende liggaam se verantwoordelikheid om verantwoording van die Appellant te vra in die ondersoek na die Appèl? Die Appellant het aan die een kant aangeneem dat die Streeksinode die stukke sal deurwerk in die ondersoek na die beweerde regskrenking en homself beskikbaar gestel om verdere toeligting te verskaf indien versoek daartoe. Die Streeksinode het aan die ander kant slegs uitspraak gelewer oor die Appèlgronde voorhande.

Behoort ‘n regsprekende liggaam self afleidings uit die dokumentasie maak, of is dit die Appellant se verantwoordelikheid om Appèlgronde behoorlik te beredeneer deur duidelik na dokumentasie te verwys en afleidings uit dokumentasie te beredeneer? Dit blyk dat hierdie meer as ‘n blote misverstand tussen twee partye is.

Dit blyk dat die Streeksinode van die standpunt uitgaan dat slegs dit wat deur die Appèlskrif ter tafel gebring, duidelik beredeneer en bewys word, deur die Streeksinode beoordeel mag word. Die Streeksinode beskou in hierdie Appèl die ingediende bewysstukke sonder duidelike beredenering daarvan nie sonder meer as toeligting of bewys van Appèlgronde nie, maar as agtergrondstukke wat op die verloop van die saak betrekking het. Die gronde van die Appèl moet volgens die Streeksinode beoordeel word en nie die bewysstukke sonder meer nie.

c Bewys van beweringe

Die Appellant beweer in hierdie Appèlgrond dat hy soos voor die Streeksinode regskrenking bewys, maar dit blyk dat dieselfde kwessie, soos by die Streeksinode, homself herhaal:

Dit wat die Appellant as bewys van die Appèlgrond aandui, blyk in der waarheid slegs beweringe te wees wat klaarblyklik in sekere stukke begronding vind. Die meerdere vergadering moet, deur die bewysstukke deur te werk, die nodige bewyse vind.

Hoewel die Deputate van die Algemene Sinode al die stukke deurgewerk het, is dit steeds nie duidelik hoe, en in watter mate, stukke op bepaalde beweringe betrekking het nie.

d Genoegsame kopië – van alle stukke wat beredeneer word

Het die Appellant die bewysstukke soos per indeks slegs in oorspronklike harde kopie ingehandig? Hoewel daar nie werklik voorskrifte bestaan oor hoe die formaat van bewysstukke behoort te wees nie en wat as getuienis aangebied word nie, val dit op dat 'n betekenisvolle deel van die betrokke bewysstukke (in hierdie tegnologiese era) slegs in 'n enkele oorspronklike harde kopie beskikbaar was. Die Appellant het die samestelling en self toegekende status daarvan mondelings aan die Kommissie verduidelik en die stukke geïndekseer. Die besluit van die Algemene Sinode oor Appèlle (Acta 2012:29, 5.1) wys in die rigting dat die Appèl en bewysstukke, wat die Appellant wesenlik bestempel, se beskikbaarheid en vermeerdering die Appellant se verantwoordelikheid is.

5.1.2 By Appèlgrond 1 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.2 van Appèl)

Die Appellant beredeneer dat die Streeksinode sy Appèlgrond 1 nie korrek beantwoord het nie omdat die Appèlgrond gehandel het oor 'n moontlik partydige Skriba van die Klassis en nie oor die betrokkenheid van die betrokke Kerkraad nie. Omdat die Streeksinode nie die dokumentasie in die lêer wat hy verskaf het, behandel het nie, kon die Streeksinode nie sy beweringe toets en beoordeel nie en gevolglik is sy reg gekrenk (vgl 2.1.2 van Appèl).

Kerkregtelike oorwegings van die Appèldeputate

a Skriba en nie Kerkraad en Skriba nie

Die Appellant is korrek as hy beweer dat die Appèlgrond oor 'n moontlik partydige Skriba op die Klassis handel en nie ook oor die betrokkenheid van die Kerkraad nie. In die beredenering van die Appèlgrond word die betrokkenheid van die Skriba só verweef met die sogenaamde kwaadwillige veldtog van die Kerkraad, dat die misvatting van die Streeksinode waarskynlik daaruit spruit. Die Streeksinode het oor die Kerkraad en die Skriba geoordeel.

Die wesenlike van hierdie Appèlgrond is egter dat die toetsing en beoordeling van die dokumentasie nie net bogenoemde misverstand sou uitsorteer nie, maar dat die Appellant se reg nie gekrenk sou wees nie.

Die Skriba van die Kommissie op die Klassis van 5 Junie 2012 was volgens die Appellant tot Oktober 2011 Konsulent van die gemeente. As Voorsitter van die Kerkraad moes hierdie Konsulent in die hantering van die KO, artt 79 en 80 – saak klagtes hanteer; betrokke wees in die daarstel van klagtes teen die Appellant en korrespondensie daaroor onderteken. Die Appellant beweer dat die Konsulent, as Skriba van die Kommissie op die Klassis, reeds geprejudiseer was omdat hy verweef is met Kerkraad se saak en daarom deel van die kwaadwillige veldtog teen die Appellant was en sodoende die Appellant reeds skuldig bevind het in die hantering van sake op die Kerkraad. Daarby het die Skriba van die Klassis volgens die Appellant ook persoonlike belang by die gemeente omdat hy daar opgegroei het; befonds is gedurende sy studiejare en familie en vriende in die gemeente het.

Volgens die Appellant is ‘n Skriba op die Klassis, as kopstuk van die administratiewe-saakmakende funksie, in ‘n leidend-adviserende hoedanigheid betrokke by die hele saak op die Klassis.

Kerkregtelike oorwegings van die Appèldeputate

a Konsulent en Skriba van Klassiskommissie

Die Appellant kan reg of verkeerd wees insake die Skriba van die Klassis se moontlike partydige betrokkenheid by die hele saak. As bewys daarvoor gebruik die Appellant egter voorbeelde sonder om dit met sy eie dokumentasie te verbind en duidelik genoeg aan te toon hoe en in watter mate die Skriba se partydigheid na vore gekom het. Hoewel dit vir die Appellant waarskynlik voor die hand liggend lyk, moes dit deeglik en duidelik verduidelik en aangewys wees.

Voorbeeld 1: Die beweerde ooreenstemming van taal en styl in Kerkraads- en Klassisdokumente moes deeglik verduidelik en aangedui gewees het uit die stukke alvorens ‘n Streeksinode dit kan ondersoek en beoordeel.

Voorbeeld 2: Sou die gedagte wees dat die Streeksinode die Skriba se beweerde leidinggewende betrokkenheid by die kwaadwillige veldtog van die Kerkraad moet gaan opdiep uit die stukke wat ingedien is, sonder dat hierdie bewering mondelings en of skriftelik uit die bewysstukke beredeneer word?

Voorbeeld 3: Behoort die Streeksinode die Skriba se beweerde partydige optrede uit sy persoonlike belang deur: sy grootwordjare in die gemeente; finansiële ondersteuning met studie, vriende en familiebande in die dokumente vind en beoordeel? Sou dit op die weg van die Streeksinode lê om begronding daarvoor in bewysstukke te probeer vind?

Voorbeeld 4: Is dit verantwoord om te beweer dat ‘n Skriba van ‘n Kommissie in die Gereformeerde kerkregering só ‘n sterk leidinggewende invloed in ‘n volle meerdere vergadering kan uitoefen, sonder om pertinent aan te dui hoe dit gebeur het, en in watter mate dit gebeur het?

Voorbeeld 5: Kan die Konsulentsarbeid wat in ‘n gemeente gedoen word, sonder duidelike beredenering en verwysings, sonder meer bydra tot prejudisering en onpartydigheid? Die daarstel van bewysstukke oor die persoon se betrokkenheid bewys nog geen saak nie. Die vraag is nie of die persoon die regspraak kon beïnvloed het nie, maar of bewys is dat die persoon wel die saak leidinggewend beïnvloed het.

b Ná besluit oor Kommissiewerk

Is dit in die Gereformeerde kerkregering gepas en ordelik om by nabaat die handelswyse van ‘n Kommissie en sy Skriba, nadat hulle werk afgehandel en aanvaar is, agtereenvolgens by twee meerdere vergaderings as begronding te gebruik vir moontlike regskrenking? Die goedkeuring van die aanbevelings van ‘n Kommissie se Rapport word mos die vergadering se saak, nie die Kommissie s’n nie?

5.1.3 By Appèlgrond 2 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.3 van Appèl)

Die Appellant beredeneer dat die Klassis Die Moot die “verhoor” *de novo* alleen binne die vergadering gehou het en daarna ‘n Kommissie uitgestuur het om die vergadering oor die klag te advisseer. Dit impliseer dat die Kommissie se opdrag bepaal en beperk is tot die klag wat reeds deur die vergadering *de novo* verhoor is. Die Kommissie het egter volgens die Appellant buite sy mandaat opgetree deur ‘n nuwe mini-verhoor op hulle eie te hou; nuwe data aan te vra; nuwe getuies aan te hoor en te handel asof die saak nog nie voor die hele vergadering gedien het nie. Die Streeksinode het dus nie die bewysstukke vir die Appèlgrond beoordeel nie en het daarom tot die gevolgtrekking gekom dat die Appellant nie regskrenking bewys het nie.

<u>Kerkregtelike oorwegings van die Appèldeputate</u>

a Welomskrewe opdrag van Kommissies

In die Gereformeerde kerkregering staan die gebruik dat 'n klag by 'n meerdere vergadering aan die orde gestel word; in 'n mindere of meerdere mate bespreek word en indien die klag dan nog nie tot 'n besluit gevoer kan word nie, word 'n Kommissie aangestel (om die vergadering oor die klag te adviseer). Die Kommissie word óf duidelik gemandateer om 'n reeds genome besluit, deel daarvan of iets spesifiek (ad hoc) te formuleer óf die Kommissie word aangestel om die vergadering oor die algemeen te adviseer oor die hantering van 'n bepaalde klag.

Wanneer daar gewoon opdrag kom om die vergadering te adviseer oor die hantering van die of klag ter tafel, is dit gebruik dat die Kommissie alle tersaaklike getuienis moet weeg en oorweeg om die vergadering deeglik oor die hantering van die saak te adviseer.

Daar word 'n duidelike voorwaarde aan enige getuienis of dokumente, wat in die ondersoek gebruik word, gekoppel: Die vergadering moet ten volle ingelig word ten opsigte van alle getuienisse en dokumente wat die Kommissie hanteer het asook van die werkswyse wat die Kommissie gevolg het.

Uit die nagaan van die Notule blyk nie werklik iets anders as die gewone opdrag aan 'n Kommissie nie. Wanneer die opdrag van 'n Kommissie van die Klassis nie duidelik geformuleer is toe die Kommissie aangewys is nie, bly dit moeilik om by nabaat te probeer rekonstrueer wat die opdrag van die Klassis aan sy Kommissie moontlik kon wees.

Dit blyk dat die Kommissie hulle opdrag wyer verstaan het as wat die Appellant dit probeer aantoon.

Die Kommissie moes die Klassis adviseer "oor die hantering van die artt 79/80 klag ..." waarna die skriftelike Klagstaat en skriftelike Verweer na die Kommissie verwys is. Na afloop van die werk van die Kommissie is sy werkswyse gekondoneer deur die goedkeurende besluit van die Klassis.

Die Appellant se weergawe van die opdrag van die Kommissie sou inhou dat die Klassis die opdrag van die Kommissie duidelik sou omlyn en beperk tot alleen dit wat in die voorafgaande Classis Contracta en in die volle vergadering de novo bespreek is. Hierdie interpretasie van die opdrag kan nie uit die Notule afgelei word nie.

Die Appellant beredeneer dat aangesien dieselfde saak wat op die Classis Contracta hanteer is, *de novo* hanteer word deur 'n meerdere vergadering. Daarom behoort, presies dieselfde data en getuienis (saak?) weer te dien. Die volle Klassis moes oor dieselfde feite oordeel.

<u>Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate</u>

a Dieselfde saak moet weer dien

Die Appellant is reg dat dieselfde klag en dieselfde Verweer en dieselfde getuienis wat op die Classis Contracta gedien het, weer op die volle Klassis behoort te dien. Omdat die vergadering nie meer bestaan nie en omdat dit onmoontlik is om alles presies dieselfde oor te doen, moet gepoog word om die saak so goed moontlik op dieselfde manier voor te hou.

Dit is die een kant van die saak. Die ander kant van die saak is dat dit 'n meerdere vergadering as die vorige vergadering is. Die samestelling van die vergadering verskil. Meer gawes is nou in die volle vergadering teenwoordig, ander vrae word gestel, ander insette word gelewer, ander ("nuwe") getuienis word ook deel van die oordeel oor die klag ... 'n hele nuwe dinamiek onder leiding van God se Gees veroorsaak dat dit waaroor die vorige vergadering op 'n dooie punt uitgeloop het, juis deur meerdere inset volledige beoordeel word. Dieselfde Skrifgetuienis word gebruik, maar word op meerdere manier ("volledige") bedien. Die andersheid en dinamiek van 'n vergadering met meer gawes gee 'n nuwe dimensie aan sake.

Die Appellant voer aan dat die relevante gegewens wat oorweeg en getuies wat te woord gestaan is, buite die mandaat van die Kommissie val.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Stukke en getuienis buite mandaat

Die Appellant dui nie werklik pertinent aan watter opdrag van die Klassis in watter mate verbygegaan is met die Kommissie se werksaamhede nie. Dit blyk dat die Kommissie gewoon gedoen het wat in 'n redelike mate van 'n Kommissie verwag sou word. Die Kommissie het die opdrag om die vergadering te adviseer oor alles wat ter sake is ten opsigte van die klag, juis omdat die hele vergadering nie so intensief op (al) die sake sou kon ingaan nie. Die Kommissie het in elk geval ook die verantwoordelikheid om die inligting wat tot sy beskikking kom, voortdurend te sif. Advies oor die hantering van 'n KO, artt 79 en 80 klag beteken dat die Kommissie dit wat van belang is met betrekking tot die saak, moes verdiskonteer.

Die Appellant verduidelik die feit dat getuies nuwe sake aangevoer het en dat bestaande sake, wat skriftelik vas gestaan het, opnuut onder die spervuur gekom het. Dit is 'n oorskryding van die mandaat van die Kommissie. Die Appellant beweer dat hy met bewysstukke uitgewys het dat die mini-verhoor; nuwe data; nuwe getuies en handelinge daarmee buite die mandaat van die Kommissie val.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Bewys dat stukke en getuienis wederregtelik gelewer is

In Appèlgrond 2 wat op die Streeksinode gedien het, is nie spesifieke verwysings en beredenering oor verwysings te vinde nie. Die verloop van die saak is vanuit die vorige mislukte Appèl gekommentariëer en van bewerings (waarvan sommige waar kan wees) voorsien.

Waarvoor sou die Kommissie aangestel gewees het as dit nie was om onder meer getuies en dokumente te kon ondersoek na die egtheid daarvan nie. Die vraag is: Sou die Kommissie van die Klassis nie enigiets anders as wat reeds in die volle vergadering na vore gekom het, behandel het nie? Wat sou byvoorbeeld van kerkregtelike advies geword het indien die Kommissie dit sou benodig het. Selfs Skriftuurlike, konfessionele of kerkregtelike insette wat nuut sou wees, mag dit nie verkry word nie? Mag enige afgevaardigde toegelaat gewees het om insette te lewer?

b Hele verhoor afgehandel?

Die Appellant beweer dat die hele verhoor reeds in die vergadering afgehandel is, hoewel getuienis daarvan nie in die Notule opgeneem is nie. Die Klassis sou, indien dit belangrik was dat die Kommissie nie verder ondersoek mog doen nie, dit waarskynlik duidelik genotuleer het. Die Notule dui ook nie daarop dat die vergadering reeds in beginsel 'n besluit oor die klag geneem het of dat die "verhoor" in die saak afgehandel is nie. Sou die Klassis steeds bespreking in belang van die saak kon toelaat na die verslag van die Kommissie indien die Kommissie sy mandaat oorskry het? Dit blyk dat die Appellant nie bo redelike twyfel aangedui dat die "verhoor" in wese afgehandel is nie.

5.1.4 By Appèlgrond 3 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.4 van Appèl)

Die Appellant beweer dat hy, met 'n beroep op bewysstukke wat in die lêers vervat is, aangedui het dat die getuienis wat voor die Klassis geplaas was, ongeldig en onvas was. Omdat die Klassis in sy vertrekpunte fouteer, daarom dat die Klassis ook in sy aanpak gefouteer het. Die Streeksinode gee geen rekenskap van beoordeling van die Appellant se argumentasie nie. Indien die Streeksinode die bewysstukke deurgewerk het en beoordeel het, sou hulle nie tot só 'n bevinding gekom het nie.

<u>Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate</u>

a Uitgangspunt en werkswyse foutief

Die Appellant neem die uitgangspunte van die Klassis en voorsien dit van kommentaar vanuit sy eie beredenering (sonder werklike verwysings) en pas dit in sy teendeel toe op die situasie soos hy dit sien.

Daarom dat die Streeksinode tot die bevinding kom "dat die Appellant die getuienis op geen wyse weerlê het nie".

Die vraag moet weer gevra word: Waar lê die bewyslas?

Waar lê die dieptepunt van die begronding van 'n Appèl? Lê dit in die blote bestaan of indiening van dokumentasie, of in die beredenering van die Appèl in sy Appèlgronde?

Die vraag wat elke meerdere vergadering by enige Appèlstuk oorweeg is óf die Appèl in sy Appèlgronde verantwoord/bewys word. Dui die Appèlgronde met dokumentêre en mondelinge bewys regskrenking aan, al dan nie? Daar moet onomwonde aangetoon word hoe en waar dokumentasie, waarna duidelik verwys word, die Appèlgronde steun.

Die oorwig in hierdie Appèl val nie soseer op die duidelike begronding van die Appèl nie, maar op die blote teenwoordigheid van die sogenaamde objektiewe dokumentasie ... wat die Streeksinode moet bestudeer en toets om te kyk of die Appèlgronde stewig staan.

Die Appellant verwag dat die Streeksinode die studie moes onderneem en vrae vra in plaas daarvan dat die Appellant duidelik aandui wat in die dokumente van belang is en waarom en in watter mate watter dele van watter dokumente ad rem is. Die bewyslas lê op die Appellant. Die Streeksinode beoordeel bloot die Appèl met sy Appèlgronde wat voor hom gelê is.

5.1.5 <u>By Appèlgrond 4 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.5 van Appèl)</u>

Die Appellant voer aan dat die kwessie nie is of skuldbelydenis die ampstug stuit nie, maar of "versoeningsbediening" (kwytskelding en vryspraak) die kerklike pad van artt 79/80 stuit nie.

<u>Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate</u>

a Versoeningsbediening en KO, artt 79 en 80

Skuldbelydenis vorm onmisbaar die grondslag van "versoeningsbediening". Hierdie saak is verskeie male reeds in die geskiedenis getoets. Die vraag is: Al was daar skuldbelydenis (as grondslag van versoening en kwytskelding) en berou, neem dit nie die effek weg wat dit aan die eer van Christus in die diens berokken het nie (vgl Acta 1976:387, art 106 – Partikuliere Sinode Oos-Transvaal oor die effek van eerloosheid in die amp, selfs nadat versoening 'n werklikheid geword het). In Josua 7 bely Akan sy sonde in vers 20-21. Nieteenstaande die belydenis en berou word hy gestenig (vers 25).

Hierdie twee paaie van skuldbelydenis en versoeningsbediening sluit mekaar nie uit nie, inteendeel, dit loop hand aan hand. Om onderskeid te maak tussen skuldbelydenis en versoeningsbediening wat eintlik een proses is, maak nog nie die bedrywer van die sonde in die amp eerbaar nie. Die Streeksinode het die kerkreghandleidings in hierdie geval aangedui.

Al was daar 'n belydenis wat op versoening en kwytskelding van alle partye onder leiding van die Kerkraad uitgeloop het, en die Kerkraad die versoening op so 'n wyse bedien het, neem dit nie die uitkringende effek van byvoorbeeld moord of owerspel in kerk en wêreld weg nie. In 'n sondige bedeling, selfs ten spyte van volkome vergifnis, in growwe, openbare sondes, wat voor die kerk en owerheid strafbaar is, word die eer van Christus in die amp beklad. Daarmee word in KO, artt 79 en 80 gehandel.

Die vlak van afhandeling van onderskeidelik die Kerkraad en die Klassis/Streeksinode is hier van belang. Die Kerkraad handel oor die versoeningsvraag waar die Klassis/Streeksinode oor afsetting, al dan nie, handel.

5.1.6 By Appèlgrond 5 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.6 van Appèl)

Die Appellant beredeneer dat hy met uitgebreide mondelinge en skriftelike getuienis soos vervat in die bewysstukke aangetoon het dat die getuienis teen hom onderling weersprekend is; nie die waarheid bevestig nie en andersins nie geldig is nie (vgl 2.1.6.3). Die Appellant beskuldig weer op sy beurt die Streeksinode dat die vergadering geen rekenskap of beoordeling gee van wat die Appellant uitgebreid aangebied het nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Bewys van growwe, openbare en aanhoudende skuld

Die Appellant behandel in die Appèl voor die Streeksinode opnuut die getuienis wat uit die klagte teen hom spruit. Op geen punt ontken hy die getuienis wat klagstaat 1, klag 1 teen hom bring nie, maar vra hy onweerlegbare, kliniese bewyse dat hy in hierdie sake openbaar, grof en aanhoudend pleeg. Die Appellant beredeneer dieselfde ten opsigte van die getuienis van sy gesin (klagstaat 1, klag 2).

Die vraag is: As die Kerkraad in hulle gewete voor die Here die Appellant se betrokkenheid by die klagtes op 'n kerklike wyse geverifieer het en oortuig is van die openbare, growwe (voor die kerk en owerheid strafbaar) en meermale oortreding daarvan, kan dit 'n Kerkraad ten laste gelê word om die om die volgende te doen: om daarbenewens nog onweerlegbare, kliniese bewyse in mense se onsigbare, private lewens te gaan naspeur om hierdie openbare, growwe sonde in fyn detail aan te toon? Om onweerlegbare, kliniese bewyse in enigiemand se lewe te soek, is nie alleen baie moeilik nie, maar kan Kerkrade in stryd met die reg bring. Wat nog te sê indien so 'n persoon of persone dalk nie verstaan nie; onwillig is om saam te werk of presies weet wat belangrik is om die teendeel te bewys. Dit blyk nie die bedoeling van KO, artt 79 en 80 te wees dat 'n Kerkraad so 'n gedetailleerde ondersoek moet doen soos wat die Appellant verwag nie.

Die getuienis wat die Kerkraad in haar gewete voor die Here in 'n klag aflê oor die growwe, openbare en soms meermalige handele van 'n dienskneg van die Here, kan nie summier afgemaak word deur die verwagting van en 'n beroep op gedetailleerde ondersoeke wat nie by 'n kerk hoort nie.

b Opinies, bewyse en gesag

Die Appellant maak na elke stelling van die Kerkraad die opmerking: "Dit kom uit iemand se "opinie" aangaande my. Wat is die bewyse?"

Die vraag is: Wie is hierdie "iemand" waarna die Appellant verwys? Dit blyk dat die Appellant hoofsaaklik verwys na die Kerkraad, wat die Here aangestel het om in hulle gewete ook oor die Appellant se leer en lewe toesig te hou. Hierdie gesag wat die Here verorden het, het na vele ondersoek en sekerlik na vele gebede in hulle gewete voor die Here met hierdie klag na vore gekom. Daar mag moontlik gebreke wees, maar om van die gesag wat die Here verorden het, op só 'n wyse te degradeer, bring die vyfde gebod ter sprake: Hoe bejeen die Appellant die gesag wat die Here oor hom verorden het ... nie net ten opsigte van besluite van die Kerkraad nie, maar ook ten opsigte van besluite van meerdere vergaderings.

As die gesag van die Kerkraad in die versoeningsbediening so van harte omhels word, waarom die stryd om die gesag van die Kerkraad in die bediening van die tug te hanteer?

Om telkens na meer bewyse te vra en om telkens jou eie interpretasie te gee, selfs met verwysing na gebeure en bewysstukke, is nog nie om regskrenking te bewys nie, al bied die Appellant omvattende interpretasie van sake aan.

c Gebooie eers die pad van KO, art 72

Die standpunt van die Appellant by klagstaat 2, klag 1, is dat HK, antw 109 eintlik bedoel is vir die kerklike pad wat kragtens KO, art 72 aangewys word, en nie summier in die toepassing van KO, artt 79 en 80 gebruik kan word nie. Die kerklike pad van die tug sou eers moes aantoon dat die sonde by herhaling gepleeg word, alvorens dit vir ampstug geskik is.

Alle kerkregtelikes is dit eens dat die ampstug te alle tye voorrang behoort te geniet ter wille van die eer van die Here wat in die amp teenwoordig is. Wanneer dit blyk dat enige gebod (soos ook die sewende gebod) volgens die Kerkraad grof en openbaar oortree is, moet KO, artt 79 en 80 behandel word. Die KO, art 72 en volgende artikels kan en behoort later ook te volg.
Om grof en openbaar te sondig beteken nie dat kerk of owerheid 'n oortreding of sonde eers moet tug of straf en dat dit na verharding eers as grof en openbaar gereken kan word nie. Juis om hierdie rede poog KO, art 80 nie om 'n volledige lys van sondes daar te probeer stel nie. Die Kerkraad moet bepaal of 'n sonde grof en openbaar is.
d Rasionalisering van sonde
Die betoog van 5.5.4.2 tot 5.5.4.3.10 van die Appellant by die Streeksinode, is amper nie 'n opmerking waardig nie. Dit blyk dat die Appellant met allerlei beredenering die ondersoek van die Kerkraad opnuut weer beantwoord (wat KO, art 46 in gedrang kan bring). Dit kom amper voor as 'n tipe herverhoor van die hele saak. Hy slaag tereg nie daarin om selfs met so 'n omvangryke betoog te bewys dat die Klassis "ongesubstansieerde stellings en eensydig gekose opinies" gehandel het nie. Die Streeksinode het die Klassis daarin tereg gegee dat die Klassis met mondelinge en skriftelike getuies en getuienis gewerk het.

5.1.7 By Appèlgrond 6 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.7 van Appèl)
Die Appellant beredeneer dat die tyd wat die Appèlkommissie aan die Appèl aandag gegee het, dit eintlik nie moontlik is dat hulle aandag aan die beredeneerde materiaal in die Appèl voor die Streeksinode kon gee.

Kerkregtelike opmerking van die Appèldeputate
a Tyd aan Kommissie gewy
Die werkswyse van 'n Kommissie en die hoeveelheid tyd wat 'n Kommissie aan 'n bepaalde saak of Appèl afstaan, is nie bewys dat 'n saak of Appèl nie die nodige aandag gekry het of dat die saak of Appèl deeglik beredeneer is nie.
Die beredenering van die Appellant gaan in Appèlgrond 6 oor die feit dat KO, artt 79 en 80 nie in die geval van die oortreding van een van die gebooie toegepas kan word alvorens die pad van die tug kragtens KO, artt 72, 73, 74 en 76 geloop is nie. Vir die beredenering van die saak, sien kerkregtelike opmerkings hierbo by die beredenering van Appèlgrond 5.

5.1.8 By Appèlgrond 7 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.8 van Appèl)
Die Appellant beredeneer dat die Klassis wel alle tersaaklike getuienis oorweeg het, maar die probleem is dat hy en die Klassis en die Streeksinode nie dieselfde kriteria gebruik waarmee vasgestel kan word of- en watter getuienis ter sake is nie. Die Appellant beskou sekere getuienis as verouderd en het dit so probeer aandui. Hy beredeneer dat die Streeksinode nie sy bewysvoering getoets het nie, en het daarom sy reg gekrenk om hierdie Appèlgrond te bewys.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate
a Kriteria
Die Streeksinode is daarvan oortuig dat alle data wat getoets is, tersaaklike data was wat ten regte getoets en gebruik kon word met betrekking tot die KO, artt 79 en 80 klag waaroor die Klassis geadviseer moes word.
Die Appellant se beredenering aan die ander kant, met sý kriteria gemeet en ontleed, is verstaanbaar, maar dit bewys nog nie dat die Klassis se kriteria verkeerd is nie.

Die Appellant beweer dat die gevolg van sy geslaagde Appèl op Klassis Die Moot (15 Maart 2011) is dat die "verouderde data" in die klagstaat gerojeer is. Daarom kon dit nie in Klagstaat 1 gebruik word nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Verouderde data

Dit blyk dat die Appellant in sy beredenering van hierdie saak daarop terugkom dat hy nie oortuig is dat die sogenaamde "nuwe getuienis" werklik nuwe getuienis was nie en dat dit eintlik maar die weg vir die verouderde getuienis na die klagstaat geopen het.

Die Streeksinode reageer daarop deur tereg te konstateer dat die Klassis, ten spyte van die beredenering van die Appellant, tog alle tersaaklike getuienis oorweeg het en dat die begrip "verouderde getuienis" (soos beredeneer) nie tersake is nie.

Feit is: Die Klassis moes vir deeglike oorweging van die hele klag, alle tersaaklike getuienis weeg wat op die saak of klag betrekking het. Dit sou alle tersaaklike getuienis ten gunste van die Appellant ook insluit.

5.1.9 By Appèlgrond 8 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.9 van Appèl)

Die Appellant beredeneer dat die Streeksinode deur sy Kommissie opnuut weer nie aangebode data getoets het nie, en daarom sy reg gekrenk het om sy Appèlgrond te bewys.

Die Appellant beredeneer in Appèlgrond 8 voor die Streeksinode dat die Klassis hom telkens ter slotsom beskuldig dat hy nie sy vrou se getuienis wil gebruik nie en sluit die vertoë telkens met die feit dat hy nie sy onskuld wil bewys deur die betrokke data na die Kommissie te bring nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Aangebode data nie getoets nie, maar beskuldig

Die Appellant bied in hierdie Appèlgrond opnuut "bewyse" dat die Streeksinode en Klassis nie met die feite wat hy aantoon werk nie, maar volstaan om eie onakkurate afleidings te maak: soos om hom te beskuldig dat hy nie sy vrou se getuienis wil gebruik nie en dat hy nie met die feite, waaroor hy kragtens die sewende gebod skuldig staan, na vore kom nie. Dit blyk dat die Appellant verkies om die wesenlike bewysvoering deur sy vrou en die nie-openbaring van feite nie werklik te beredeneer nie, maar eerder deur sterk rasionele bewoording in te klee. Ten spyte van die beredenering deur die Appellant, is die Streeksinode (met reg) tevrede dat die bewyse wat die Klassis tot sy beskikking gehad en oorweeg het, nie alleen ad rem is nie, maar voldoende is om te bewys dat die Appellant skuldig is aan die aanklagte. Met die ruim geleentheid wat die Appellant gehad het, het hy volgens die Streeksinode nie sy skuld voor die Klassis weerlê nie.

5.1.10 By Appèlgrond 9 van die Appèl by die Streeksinode (vgl 2.1.10 van Appèl)

Die Appellant beredeneer dat die Streeksinode die Klassis gelyk gee, in weerwil daarvan dat die die Klassis die getuienis wat hy aangebied het, nie getoets het nie. Die Appellant beredeneer dat die Kerkraad wat die reg van Christus moes bedien, na alles wat in twee jaar gebeur het, nie meer objektief was nie, en daarom sou sy reg gekrenk wees. Dit het 'n invloed gehad op die gebeure dat die Classis Contracta en die Kerkraad nie tot 'n gelykluidende besluit kon kom nie.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Twee partye in geding

Hoewel die Kerkraad foutiewelik verwys het na die "saak tussen" die Kerkraad en die Appellant, was dit nog nooit die bedoeling van Gereformeerde Kerke om in die toepassing van KO, artt 79 en 80 met twee partye in 'n geding te werk nie. Die Klassis het op grond van die stukke en getuienis voor haar besluit dat die Kerkraad en die Appellant in die klag ter tafel nie bloot partye in 'n geding is nie.

Daar moet toegegee word dat terminolgie soos "klaer" en "verweer" behoort nie werklik deel van Gereformeerde kerkregering se terminologie uit te maak nie, en daarom behoort vergaderings versigtiger met sulke terme om te gaan. Die

Streeksinode het geoordeel dat die Kerkraad nie (soos die Appellant beweer) soos in 'n regsaak as 'n betrokke party probeer regspreek het nie. Hulle het, nadat hulle en die naburige Kerkrade nie tot 'n slotsom kon kom nie, kragtens KO, artt 79 en 80 die hele saak na die volle Klassis verwys om die saak de novo te hanteer.
Christus het verorden dat die plaaslike kerk kompleet en selfstandig kerk van Christus is, en dat Hy sy kerk deur die Kerkraad regeer ook met die hantering van hierdie klag kragtens KO, artt 79 en 80.

5.1.11 Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 1

Geen regskrenking word bewys nie.

5.1.12 Uitspraak

Appèl slaag nie ten opsigte van Appèlgrond 1 nie.

5.2 *Appèlgrond 2*

5.2.1 Die Appellant beweer

dat die Streeksinode die toeligting van die Klassis deeglik in ag geneem en vermeld het in die Rapport, terwyl die bewysstukke wat die Appellant ingedien het, bloot as agtergrond beskou en hanteer is. Die Appellant beweer ook dat sy uitvoerige bewysvoering nie neerslag gevind het in die Rapport wat op die Streeksinode gedien het en stel bloot dat die Appellant in gebreke gebly het om sy saak te bewys. Hy is deur hierdie handeling dus nie ook aangehoor nie (audie et alteram partem) en daarom is sy reg gekrenk.

Die Appellant beredeneer

dat dit blyk dat die Kerkraad en ander die uitgebreide kans aangegryp het om die Kommissie van die Klassis van inligting te voorsien. Hy het egter slegs formele reëlings met die Kommissie getref oor die hantering van sy stukke. Hy het onder meer voorgestel dat die Kommissie eers die bewysstukke deeglik bestudeer en indien die Kommissie enige vrae het, hy bereid sou wees om die vrae toe te lig. Hy het die Kommissie oortuig dat dit wat hy wou sê, uitvoerig in die Appèlgronde beredeneer word. Die begronding vir sy argumentasie lê in die stukke wat hy ingedien het.

Kerkregtelike opmerkings van die Appèldeputate

a Opnuut: Waar lê die bewyslas?

Die vraag is: Waar lê die dieptepunt van die begronding van 'n Appèl? Lê dit in die blote bestaan of indiening van dokumentasie, of in die beredenering van die Appèl in sy Appèlgronde?

Die vraag wat elke meerdere vergadering by enige Appèlstuk oorweeg is óf die Appèl in sy Appèlgronde verantwoord of bewys word. Dui die Appèlgronde met dokumentêre en mondelinge bewys regskrenking aan, al dan nie? Daar moet onomwonde aangetoon word hoe en waar dokumentasie, waarna duidelik verwys word, die Appèlgronde steun.

Die oorwig in hierdie Appèl val nie soseer op die duidelike begronding van die Appèl nie, maar op die blote teenwoordigheid van die sogenaamde objektiewe dokumentasie ... wat die Streeksinode moet bestudeer en toets om te kyk of die Appèlgronde stewig staan.

Die Streeksinode moet die studie onderneem en vrae vra in plaas daarvan dat die Appellant duidelik aandui wat in die dokumente van belang is en waarom en in watter mate watter dele van watter dokumente ad rem is.
Die bewyslas lê op die Appellant. Die Streeksinode beoordeel bloot die Appèl met sy Appèlgronde wat voor hom gelê is.

b Audie et alteram partem

Kan die Appellant daarop aanspraak maak dat hy nie behoorlik gehoor is as hy dokumente as bewysstukke ingedien het met die voorstel dat die dokumente eers deurgewerk moet word, en indien dit nie gebeur nie, het die meerdere vergadering die audie et alteram partem reël oortree.
Dit is reg dat die dokumentasie volledig beskikbaar is indien die Streeksinode haarself van 'n sekere saak wil vergewis, maar die doel van sogenaamde bewysstukke is nie om volledig deurgewerk te word deur 'n meerdere vergadering nie. Dit mag vir die Appellant voor die hand liggend wees watter dokumente in watter faset van argumentering ad rem is. Maar om van 'n meerdere vergadering te verwag om 'n omvattende studie te onderneem deur getuienis deur te werk om sodoende inligtingsvrae te vra, is nie die bedoeling van KO, art 31 nie.

c Toets vir objektiwiteit

Uitgebreide aanbieding van bewysvoering moet ook die toets van objektiwiteit kan deurstaan en nie net die saak uit die Appellant se eie oogpunt behandel nie. Dit blyk dat die styl van die Appellant neig om elke saak wat op die Klassis gedien het, opnuut in herverhoor te neem en met sy eie subjektiewe kommentaar te vul en dit sterk te bewoord om te probeer oortuig hoe sterk die argument is.

d Wat in 'n Rapport opgeneem word

Die feit dat die Streeksinode van sekere dinge nie rekenskap gee in 'n Rapport nie, is nie 'n bewys daarvan dat sekere sake nie oorweeg is nie. Dit is onmoontlik om (veral in so 'n omvattende Appèl) van alles wat in die oorweging was, rekenskap te gee. Dit sou inderdaad baie lank geneem het. Die Streeksinode behandel nie in detail alles wat voor hulle is nie, want 'n belangrike deel van hul werk is om gegewens te sif om hulle by die wesenlike te bepaal. Die wesenlike in 'n Appèl is om te beoordeel of daar regskrenking was. Aan hierdie vereiste het die Streeksinode gevolg gegee.

5.2.2 Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 2

Geen regskrenking word bewys nie.

5.2.3 Uitspraak

Appèl slaag nie ten opsigte van Appèlgrond 2 nie.

5.3 *Appèlgrond 3*

5.3.1 Die Appellant beweer

dat die effek van die Streeksinode se besluit veroorsaak het dat hy onregmatiglik uit die amp afgesit is terwyl die saak deur die beroep op hierdie vergadering kragtens KO, art 31 sub judice is.

Die Appellant beredeneer

dat hy aanvaar dat die geldigheid van hierdie Appèlgrond regstreeks afhanklik is van die geldigheid van die twee bogenoemde Appèlgronde. Die Appellant kon hom vir die besluit van die Klassis om voort te gaan om hom uit die amp af te sit, nie op die Streeksinode beroep nie, aangesien die Streeksinode nie regter in sy eie saak kan wees nie. Daarom die beroep op die Algemene Sinode.

<u>Kerkregtelike oorwegings van die Appèldeputate</u>

a KO, artt 30, 31 en sub judice

Omdat die Klassis met Deputate van die Streeksinode kragtens KO, artt 79 en 80 die bevoegdheid en roeping het het om die saak finaal af te handel, kan uitspraak in die saak nie voorbehou word, selfs nie vir toetsing kragtens KO, art 31 nie. Dit hou egter nie in dat die saak nie vorentoe langs die weg van KO, art 31 getoets mag word nie.

Kennis van Appèl kan hierdie betrokke saak, in besonder nadat 'n Appèl op die Streeksinode gedien het, nie sub judice – onder behandeling - bring nie. Indien dit wel sou kon gebeur, beteken dit dat die uitslag van sulke sake vir etlike jare uitgerek kon word.

Kragtens KO, art 30 word kerklike sake op kerklike wyse behandel. Kerklike Appèl verskil van Appèl in die wêreldse hof in die opsig dat die wêreldse hof die betrokke besluit ophef totdat die betrokke Appèl behandel is. Daarna word die besluit geneem.

Die lang verloop voor die afhandeling van die saak en die bedieningsnood wat gevolg het, is aangevoer waarom die Appèl voor die Streeksinode afgehandel is en die saak uiteindelik tot volvoering gebring is.

'n Appèl kan alleen gerig word teen 'n besluit van 'n vergadering en nie teen die gevolge, effek of afloop van die besluit nie.

5.3.2 <u>Bevinding ten opsigte van Appèlgrond 3</u>

Geen regskrenking word bewys nie.

5.3.3 <u>Uitspraak</u>

Appèl slaag nie ten opsigte van Appèlgrond 3 nie.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.3.3 kennis geneem. Die Deputate het volgens die goedgekeurde werkswyse gehandel en regspraak volgens opdrag gelewer.

6. Finale bevinding en uitspraak

6.1 *Bevinding*

Geen regskrenking word bewys nie.

6.2 *Uitspraak*

Dat die Appèl in sy geheel nie slaag nie.

Besluit: Punte 6.1 en 6.2 kennis geneem. Die Deputate het volgens die goedgekeurde werkswyse gehandel en regspraak volgens opdrag gelewer.